



# Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 28 JAAR OUD!

GRATIS

Mei  
2026

AANLYN-UITGAWE  
ONLINE EDITION

Posbus 1957  
Potchefstroom 2520  
Sel: 079 273 4630  
www.goodnewsmessage.co.za  
Goeie Nuus Koerant -  
Good News Newspaper



## Finding God in the Silence

### 1. GUARDING THE INNER LIFE

*"Keep your heart with all vigilance, for from it flow the springs of life"* (Proverbs 4:23 ESV).

*"Be still before the Lord and wait patiently for Him; fret not yourself over the one who prospers in his way, over the man who carries out evil devices! Refrain from anger, and forsake wrath! Fret not yourself; it tends only to evil. For the evildoers shall be cut off, but those who wait for the Lord shall inherit the land"* (Psalm 37:7-9 ESV).

*"But watch yourselves lest your hearts be weighed down with dissipation and drunkenness and cares of this life, and that day come upon you suddenly like a trap"* (Luke 21:34 ESV).

*"Be sober-minded; be watchful. Your adversary the devil prowls around like a roaring lion, seeking someone to devour"* (1 Peter 5:8 ESV).

*"But what comes out of the mouth proceeds from the heart, and this defiles a person. For out of the heart come evil thoughts, murder, adultery, sexual immorality, theft, false witness, slander"* (Matt. 15:18-19 ESV).

Sober-minded living begins with intentional guarding. Scripture reminds us that the heart is the source from which life flows, and I've learned that guarding my heart means more than just avoiding obvious sin.

I find that I need to guard what I read, listen to, and watch, but also the hidden sins of the heart: pride, comparison, bitterness, and subtle compromises that go unnoticed if I'm not paying attention.

Jesus often pointed beyond outward behaviour to inner motives. A sober mind isn't distracted or

dulled by excess noise; it's attentive to what's shaping the soul. What we repeatedly allow into our minds slowly forms our desires, decisions, and direction.

Sober-mindedness asks an honest question: Is this feeding my faith or fogging my focus? **Wisdom grows when we slow down long enough to examine what's influencing us.** When we're intentional, we create space for God's Word and Spirit to speak clearly.

Guarding your heart isn't restrictive, it's protective. It keeps your mind clear, your conscience tender, and your life aligned with God's purposes. What voices or influences might God be asking you to limit so your heart stays clear and receptive?

### 2. SLOWING DOWN TO LIVE WISELY

*"Whoever is slow to anger has great understanding, but he who has a hasty temper exalts folly"* (Proverbs 14:29 ESV).

*"Whoever is slow to anger is better than the mighty, and he who rules his spirit than he who takes a city"* (Proverbs 16:32 ESV).

*"Let what you say be simply 'Yes' or 'No'; anything more than this comes from evil"* (Matthew 5:37 ESV).

*"Everyone then who hears these words of mine and does them will be like a wise man who built his house on the rock. And the rain fell, and the floods came, and the winds blew and beat on that house, but it did not fall, because it had been founded on the rock"* (Matt. 7:24-25 ESV).

In my life, I've noticed a clear pattern: the faster my speed of life is, the more of a mess I make of things. **Hurry clouds judgment.**

### Pressure shortens patience.

When everything feels urgent, wisdom often gets left behind.

Jesus never rushed, yet He was never late. His sober-mindedness allowed Him to respond rather than react. Proverbs tells us that wisdom values restraint, while impulsiveness leads to regret. A sober mind slows down long enough to listen, pray, and choose carefully.

Our culture celebrates speed, quick decisions, instant reactions, non-stop productivity. But God often works in stillness. Slowing down isn't laziness; it's discernment. It's choosing thoughtful obedience over hurried action.

**When life accelerates, clarity diminishes.** When we slow our pace, we give God room to direct us. A sober mind resists being driven by urgency and instead is anchored in trust. Where might God be inviting you to slow down so you can respond with wisdom instead of hurry?

### 3. DISCERNING DISTRACTIONS FROM DIRECTION

*"For the Lord gives wisdom; from his mouth come knowledge and understanding"* (Proverbs 2:6 ESV).

*"An intelligent heart acquires knowledge, and the ear of the wise seeks knowledge"* (Proverbs 18:15 ESV).

*"Beware of false prophets, who come to you in sheep's clothing but inwardly are ravenous wolves. You will recognise them by their fruits. Are grapes gathered from thornbushes, or figs from thistles?"* (Matt. 7:15-16 ESV).

*"So Jesus said to the Jews who had believed Him, 'If you abide in My word, you are truly My*

*disciples, and you will know the truth, and the truth will set you free"* (John 8:31-32 ESV).

I've found that most of my effort goes into identifying what is a distraction compared to Godly direction. **Not everything that demands attention deserves it.** Some things aren't sinful, they're simply sidelining.

There was a season when I was really into a popular video game - don't judge me too hard. I enjoyed playing it with a few friends, but my schedule was already full, and deep down I knew I couldn't justify the time I was giving to it. So I did something simple but important: I asked my wife, Elizabeth, to put the game somewhere I wouldn't know where it was. She did, and it helped more than I expected.

Weeks later, I found myself with a few free hours and thought about that game. I asked Elizabeth where it was, and she said she couldn't find it. In that moment, I knew it was probably for the best.

Jesus repeatedly warned His followers to stay alert, because **distraction is one of the enemy's most effective tools.** A sober mind isn't just avoiding sin; it's discerning what quietly pulls us away from God's best. Direction from God brings peace, clarity, and fruit. Distractions often feel urgent but leave us restless and scattered.

Sometimes it is wisdom to remove access, not just resisting temptation. What has been occupying your attention lately, and is it drawing you toward God or gently pulling you away?

### 4. CHOOSING LESS TO GAIN MORE

*"A man without self-control is like a city broken into and left without*

*Continued on p. 5*

# Bring 'n Welgevallige Offer aan God

Terwyl ek vroegoggend 'n tyd in gebed en toewyding deurbring, sê die Here vir my: "Romeine 12." Dit is waar die frase "welgevallige offer" voorkom. Hy bepaal my by hierdie offer as die God van Rom. 12. Wat omsluit die welgevallige offer aan God? Wat vra die Here van my? En van elke ernstige gelowige wat God van harte wil dien? Begeer jy ook om 'n welgevallige offer aan God te bring terwyl ons nog so onvolmaak is, met al ons foute en gebreke? Troos jou daaraan: Die Woord wat Paulus van die Here ontvang het, geld tot vandag vir ons ook: "...omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus" (Filip.1:6). Die Nuwe Vertaling lees: "Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom." God sal jou in staat stel om 'n welgevallige offer aan Hom te bring.

My vrou, nog voor haar heengaan, het 'n sweetpakbaadjie gehad met die volgende woorde op die rug geborduur: "Die Here is nog besig met my..." By kommentare lees ek: Dit is 'n bekende Christelike idioom gebaseer op Filippense 1:6. "Dit beteken die draer is nie perfek nie, maak nog foute, maar is besig om geestelik te groei en te verander." En hierdie werk van God gaan voort my hele lewe lank. Hy vorm my en maak my 'n loffer. Sy het met daardie baadjie in die winkel ingegaan en dan kom swart, vroulike werkers na haar toe en maak hulle harte vir haar oop. Sendingwerk volg. En dan praat sy oor Jesus met hulle... Net so sal God ons help om Hom welbehaaglik te wees as ons met opregte harte na Hom toe kom. Hy los ons nie alleen nie. Hy sal ons lei tot geestelike volwassenheid en dit sal aan Hom vreugde bring.

## GOD SE FEESMAAL

Dawid sê in Psalm 23:5: "U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor." In die Nuwe Vertaling staan dit só: "U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid." En Jesus sê: "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word" (Matt. 5:6). Laat ons dan om die tafel van die Vader sit en na die Woord gaan. By die feesmaal is die tafel gedek, en ons ontvang dit met dank, want die Brood van die lewe (lewensbestaansmiddele) is gratis. Dis genade! En ons neem die mes en vurk op en begin happie vir happie op die vurk laai en eet met genoegdoening. Ons moet ons

onderwerp aan God se leiding en lering uit Sy Woord en deur Sy Heilige Gees. Dan sal ons geestelik gevoed word en groei tot volwassenheid. Dit is deel van ons welbehaaglike offer aan Hom.

Die klem val op die Woord soos die Heilige Gees dit aan ons openbaar het, om die Lewende Woord toe te pas. Eerstens vir onself. En wanneer gevoed is aan die tafel van Onse Vader, moet ons dit weer deurgee as 'n getuigenis aan ander geestelike hongerlyendes. Medegelowiges in groot beproewing wat nie herwaarts of derwaarts weet nie, asook iemand, 'n suster en 'n broeder wat weggedwaal het van die Here se pad en hulle in die wildernis bevind, soos die Verlore Seun. Ons welbehaaglike offer sluit in die uitreiking na ander met die geestelike voedsel waarmee God ons voed. Naasteliefde. Dan tref die volgende lied my weer opnuut, waar die Gaithers dit sing:

*My vessel is empty  
Where once I had plenty  
My soul is barren and dry  
Oh but somewhere flows a fountain  
Beyond distant mountain  
Let me drink from the river of life*

*Lord feed Your children  
As we stand here willing  
To eat from the table of life  
Let me drink from the fountain  
That flows from the mountain  
Let me feast from the Father's supply*

*So long I have hungered  
No man could number  
The days that I longed to be  
In a land filled with honey  
Where the rivers are running  
Very soon I will taste and I'll see*

*Lord feed Your children  
As we stand here willing  
To eat from the table of life  
Let me drink from the fountain  
That flows from the mountain  
Let me feast from the Father's supply  
Let me feast from the table of life.*

Maar laat ons terugkeer na die geestelike voedsel van Rom. 12:1-2, "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, 1) dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdiens." En daarmee saam: 2) "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuning van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is."

Oorpeins, deurdink, internaliseer elke woord wat hierbo onderstreep is. Dit is die sleutel vir 'n weldeurdagte Woord vir jou welgevallige offer.

## VERMAAN

Dit begin hier by die enkele woord "vermaan" (Grieks = Parakaleō), 'n ruim woord met verskillende vertalingsmoontlikhede, en wat altyd binne konteks van die Skrifgedeelte toegepas moet word om die volle waarde te kan bepaal. Dit is asof Paulus met 'n smeekroep na die gemeente kom, en met diep oortuiging mooi te vra. Hy pleit. Hy doen 'n beroep op die gelowiges, hy vra mooi, hy roep hulle nou op tot optrede en om nie passief te bly nie, hy vra baie ernstig, hy versoek ernstig, en hy sê: "I appeal to you," pleidooi, aansporing afhange van die konteks. Een Griekse woordeboek skryf soos volg hieroor: "Parakaleō (werkwoord): Dit is 'n algemene woord wat dikwels vertaal word as "pleit," "vermaan," "aanspoor" of "troos." Om iemand langs jou te roep vir ondersteuning of om rigting aan te dui watter koers jy moet inslaan."

Dit is ook die woord wat gebruik word vir die Heilige Gees wat Jesus in Sy plek sou stuur: Hy is die Paraklētōs (selfstandige naamwoord, ook in Joh. 14-16) wat geroep is om "langsaan te staan" om ons te help om die las te dra, met 'n smeekroep, pleitrede, tot oortuiging te bring, tot optrede en toewyding van die individu om vir God tot diens te wees. Sulke diens is deel van ons welgevallige offer. Dit is dus nie 'n intellektuele aansporing om vir God tot diens te wees nie. Ook nie 'n blote emosionele oproep nie. Maar dit word in geloof aangegryp om tot aksie oor te gaan.

Geloof werk soms deur die intellek, en soms deur die emosie ook. Maar gewoonlik werk dit nie deur wat jy voel nie, ook nie wat jy met jou verstand kan uitwerk nie. Die Woord verklaar: "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb. 11:1). En ook: "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Heb. 11:6). Of jy voel of nie voel nie. Of jy dink of nie in staat is om te dink nie. Ons geloof en vertroue in Hom is vir God welbehaaglik. Hy sal Hom laat vind as ons in geloof tot Hom keer.

Geloof is die vaste vertroue om God op Sy Woord te neem, Hom te vertrou, te behaag en Sy Hand in beweging te sien en te beleef, met die Heilige Gees saam wanneer ons Hom vra om ons tot hulp te kom. Dit is dán wanneer die las vir ons draagliker word tot die uitkoms toe. Ons vertroue is deel van ons offer. Pas die Woord toe wat die Heilige Gees vir jou oopmaak in jou afsondering en in

jou stiltetyd of Bybelstudie. Soos iemand dit stel, "God said it, I believe it, and that settles it." In my jonger dae het een pastoor 'n drastiese voorbeeld gemaak: Hy het sy Bybel op die vloer neergesit, daarop gaan staan om sy punt tuis te bring en gesê: "Ek staan op die Woord!" Ek het dit nooit vergeet nie. In die Bybel lees ons: "Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diens-baarheid bring nie" (Gal. 5:1). Ons geloof sal God se hart aanraak en Hy sal dit eer.

## BROEDERS

In die ou Bybelse Grieks (Koine Grieks) wat verskil van moderne Grieks, word 'n gehoor inklusief aangespreek. Dit beteken mans en vrouens en kinders word aangespreek tydens openbare redevoering. Die term "broeders" word gereeld in die Nuwe Testament gebruik, veral in Paulus se briewe en Handeling, om gelowiges aan te spreek, eenheid in Christus te beklemtoon en vermanings of bemoediging oor te dra. Dit dui op 'n hegte familieband binne die vroeë Christelike gemeenskap wat gebaseer is op geloof en vryheid. Ons kan verder ook beklemtoon dat die term "broeders" daarop dui dat die man die priester van sy huis is, en in dié verband sy huisgesin dien as hoof, nie as diktator nie. En so word die familieverband beklemtoon vir die hele gesin. Dink aan die verhaal van Paulus en Silas in die tronk, met kettings aan hulle voete, en hoe hulle lofliedere tot God gesing het. Daar was 'n groot aardbewing. God red hulle. Die tronkbewaarder kom tot bekering en word gedoop. Hy en sy huisgesin. In hierdie verband het dit ook 'n Hebreeuse agtergrond: Aan die einde van sy lewe het Josua voor die volk gestaan en gesê hulle moet elkeen self besluit wie hulle wil dien, en dan vir die volk gesê: "Ek en my huis, ons sal die HERE dien." Afwykings was daar wel, maar dan was dit buite konteks en buite God se bepalings.

Paulus gebruik dikwels "Broeders" om liefdevolle maar direkte onderrig te gee, soos in 1 Thes. 5:4, waar hy alle gelowiges herinner dat hulle kinders van die lig is. Daarom is daar ook ander vertalings wat die vrouens byvoeg, dan word dit so vertaal: "broeders en susters," wat ook kinders insluit. Dit beteken die kinders is onder die voogdyskap van hul ouers totdat hulle volwassenheid bereik. Daarom moet die kinders hulle skik onder die gesag van hul vader, omdat hulle nie volwasse genoeg is om hul eie pad te loop nie. Weer eens is daar uitsonderings. Maar die klem val

*Vervolg op p. 3*

# Bring 'n Welgevallige Offer aan God

## Vervolg van p. 2

op die begrip "broeders en susters wat as 'n eenheid voor God staan met die kinders in 'n geseënde gesin, soos deur die Woord bepaal. Paulus vermaan ons dus as lede van die geestelike huisgesin om ons welbehaaglike offer aan God te bring. In eenheid. Dit kom deur geloof en oorgawe, deur die lering en krag en leiding van die Heilige Gees.

## ONS VERANTWOORDELIKHEID

Jesus het gesê: "Ek het as 'n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie" (Joh. 12:46). Dit is die vars lewensbrood wat ek vanoggend by die Vader se tafel gekry en toegepas het. Want Sy Brood is ALTYD vars vir hulle wat dit aanneem. Sy voedsel word nooit oud nie. Dit vergaan nie soos die fisiese manna wat die Here vir Israel in die woestyn gegee het nie. En dit maak ons elkeen wat daarvan eet, 'n geur vir Christus.

God gee ons geestelike wysheid en kennis deurdat Sy Gees die Woord vir ons belig. Dan kan ons hierdie geopenbaarde kennis met ander meedeel. "Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van Sy kennis deur ons oral versprei. Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan; vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe. En wie is tot hierdie dinge bekwaam? Want ons is nie soos baie wat handel dryf met die woord van God nie; maar as uit opregtheid, maar as uit God, in die teenwoordigheid van God, spreek ons in Christus" (2 Kor. 2:14-17). Oordink hierdie teks, vra die Here om dit deur die salwing van die Heilige Gees toepaslik te maak vir jou, terwyl jy die verdere gedeelte ook oordink. So het ek gedoen, toe bring die Here die volgende lied weer eens tot my in my innerlike menswees, daar waar die Heilige Gees woon, en ek sing dit saam (gegrond op Jesaja 55):

*Ho! everyone that is thirsty in spirit,  
Ho! everyone that is weary and sad;  
Come to the fountain, there's fullness in Jesus,  
All that you're longing for: come and be glad!*

*I will pour water on him that is thirsty,  
I will pour floods upon the dry ground;  
Open your hearts for the gifts I am bringing;  
While ye are seeking Me, I will be found.*

*Child of the world, are you tired of your bondage?  
Weary of Earth's joys, so false, so untrue?  
Thirsting for God and His fullness of blessing?  
Listen to the promise, a message for you!*

*Child of the kingdom, be filled with the Spirit!  
Nothing but fullness thy longing can meet;  
'Tis the endowment for life and for service;  
Thine is the promise, so certain, so sweet.*

Die Here sal ons honger en dors na Hom vervul met Sy lieflike Teenwoordigheid. Hy sal hierdie offers kosbaar ag en na waarde skat. Hy sal die leë kruik met die olie van die Heilige Gees vul.


## SAMEVATTING

God praat baie met die gelowiges deur die lied van die Kerk. Deur saam te sing, kom ons in eenheid om God te aanbid en gebeur daar wonderwerke. Selfs Jesus het op die vooraand van Sy kruisiging en op pad na die die kruis, Sy grootste offer aan God die Vader, ná die instelling van die Nagmaal, afgesluit deur saam met Sy dissipels 'n loflied te sing (Joh. 13). Is jy al daar? Bring dan jou wegevallige offer aan God: oorgawe, geestelike groei, vertrouwe, aanneming van Sy Woord en die Heilige Gees se leiding, eenheid, naasteliefde, geloof, verkondiging van Sy Woord, diensbaarheid, gebrokenheid... Daar is so baie aspekte. So het Abraham sy grootste offer gebring toe hy bereid was om sy seun Isak te offer. Sluit aan by hier oorwinnaars-korps in Jesus, deur in geloof vas te gryp - geloof wat Hy in jou geplaas het as gawe van die Heilige Gees (1 Kor. 12:8-10). Leef in oorwinning, geloof, en bring jou offer aan God. Dit sál Hom welgevallig wees!

© Dr JJ Venter

## LETSATSI LA TLATLHOSO: TSHOLOFETSO YA JESU GO BOA

(Ascension Day: The promise of Jesus to return)



### LETSATSI LA TLHATLOGO KE ENG?

Letsatsi la Tlhatlogo ke letsatsi le Bakeresete ba gakologelwang gore Jesu Keresete o ne a tthatlo-sediwa kwa legodimong malatsi a le 40 morago ga tsogo ya gagwe. Baengele ba ne ba re ene Jesu yo o tthatlogileng o tla boa gape.

### DITEMANA

"Ene Jesu yo, yo o tthatlosit-sweg kwa legodimong a tswa mo go lona, o tla tla ka tsela e e tshwanang le e lo mmoneng a ya kwa legodimong ka yone" (Ditiro 1:11).

### KAKANYO

Letsatsi la Tlhatlogo le re gakolola

gore Jesu ga a ka a tlogela batho ba gagwe ba se na tsholofelo. O tthatlogetse kwa legodimong, a solofetsa Mowa o o Boitshepo, a baakanyetsa badumedi bonno, mme o tla boa gape.

### 1. Jesu o ne a tthatlogela kwa legodimong.

Ditiro 1:9-11. Jesu o ne a tseelwa kwa godimo a bonala fa pele ga barutwa, mme baengele ba ne ba tlhomamisa gore "Ene Jesu yono" o tla boa.

### 2. Jesu o solofeditse Mowa o o Boitshepo.

Johane 14:26. Mowa o o Boitshepo ke Mothusi wa rona,

Morutisi le Mogomotsi wa rona. Le fa Jesu a ne a tthatloga, badumedi ga ba tlogelelwe.

### 3. Jesu o baakanyetsa badumedi lefelo.

Johane 14:1-3. Jesu o ne a ya go baakanya lefelo mo ntlong ya ga Rara. Legodimo ga se toro; ke tsholofetso ya mmatota.

### 4. Jesu o tla tla gape.

Johane 14:3 le Ditiro 1:11. Ene Jesu yo o tthatlogileng o tla boa. Bakeresete ba tshela ka tsholofelo le go ipaakanyetsa.

### 5. Tsela ya go ipaakanyetsa go boa ga Gagwe.

Baebela ya re, "Gonne Modimo o ratile lefatshe mo go kalo, mo o bileng wa ntsha Morwawe yo o tsetsweng a le esi, gore mongwe le mongwe yo o dumelang mo go ene a se ka a nyelela, mme a nne le botshelo jo bo sa khutleng" (Johane 3:16). Jesu gape o rile, "Yo o utlwang lefoko la me, a dumela mo go yo o nthomileng, o na le botshelo jo bo sa khutleng" (Johane 5:24). Re siametse go boa ga ga Jesu ka go dumela mo go ene, go ikanya lefoko la gagwe, le go tsamaya ka kutlo.

6. Se Letsatsi la Tlhatlogo le re rutang sone.



Johan Zerwick  
Sêlê ke 083 458 3837

- Jesu ke Morena.
- Mowa o o Boitshepo o naya Kereke maatla.
- Isagwe ya rona e sireletsegile mo go Keresete.
- Re tshwanetse go tshela matshelo a a boitshepo, a tsholofelo le boikanyegi.

### THAPELO

Morena Jesu, ke a go leboga go bo o tthatlogetse kwa legodimong le go go solofetsa gore o tla tla gape. Re thuse go dumela mo go Wena, go tshela ka kutlo, le go nna re ipaakanyeditse go boa ga Gago. Re tlatse ka Mowa wa gago o o Boitshepo mme o boloke dipelo tsa rona di ikanyega go fitlha letsatsi le re tla go bonang ka lone. Ka leina la ga Jesu. Amen.

# Is Ons Spesiaal?

**C**arl Sagan het eens in 'n onderhoud gesê, "Here we are like mites on a plum. ...The plum is this little planet and it goes around an insignificant local star, the sun. And that star is on the obscure outskirts of an ordinary galaxy, the Milky Way, which contains 400 billion other stars. And this galaxy is just one of something of like a 100 billion other galaxies that make up the universe. And it is now beginning to look [like] this universe is one of an enormous number, maybe even an infinite number, of other closed-off universes. So the idea that we are central, that we are the reason there is a universe - is pathetic. We have to simply come to grips with the real universe that we really live in. And some of our myth and some of our religion are innocent with it, it's time to change the myth and the religion."

Daar is wetenskaplikes wat postuleer dat lewe sal ontstaan as die omstandighede 'reg' is. Tog, selfs in hierdie geval skat wetenskaplikes via Drake se vergelyking dat die kans dat intelligente lewe in die heelal bestaan, uitsonderlik klein is: skattings sluit in 0.000000001% tot 0.02% van planete wat intelligente lewe huisves. Onsekerhede op hierdie getal is enorm; sommige argumenteer dat die kans nul ook kan wees. Natuurlik is daar die onderliggende aanname dat lewe ontspring en dan vanself ontwikkel oor biljoene jare heen. Ons glo egter dat God 'n unieke skeping van mense na Sy Beeld gemaak het, en dit op die planeet aarde.

Vir baie jare het mense geglo dat die aarde die middelpunt van die heelal is. Hierdie 'geosentriese siening' van Ptolemeus het vir eeue gedomineer totdat Copernicus, Galileo, Kepler en later Newton die 'heliosentriese model' gevestig het wat die son in die middel van die sonnestelsel geplaas het. Dit het gelei tot dramatiese verskuiwings in die mens se siening van homself, sy waarde, en die betekenis van die lewe.

Ons leer al deur meer van ons heelal. Daar is so baie stemme vandag, en baie van hulle klink wys en korrek en wetenskaplik. Dit is goed om kennis te neem van die nuutste ontdekkings maar ook van die beperkings en onsekerhede wat daar steeds is. Hierdie ontwikkelinge lei egter tot eksistensiële vrae. Ons kan onself vandag steeds afvra: Wat beteken my lewe? Hoekom is ek hier? Waarheen is ek op pad?

Hoewel die wetenskap baie dinge kan beskryf (die 'hoe'), kan dit nie ten diepste die 'hoekom'-vrae beantwoord nie. Laat ons kyk na Jesus se identiteit, roeping, en hart van liefde - want daarin vind ons as gelowiges ook ons identiteit, roeping, en wysheid van hoe om te lewe.

## 1. JESUS SE IDENTITEIT

Die Evangelis Johannes skryf die volgende, "Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar" (Joh. 1:17-18).

Jesus het in die wêreld ingekom om die Vader aan ons te openbaar. Die wet was 'n skaduwee van en heenwysing na die dinge wat sou kom. In Jesus het ons die volle openbaring van God se liefde en saligheidsplan gekry. Dit was die hoogste doel van die Menswording van Jesus: om die sigbare openbaring van God onder mense te wees.

Elders het Jesus gesê, "Alles is aan My oorgegee deur My Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar" (Matt. 11:27). Jesus is die Verteenwoordiger van die Vader, Sy gelykenis, Sy Seun. Inderdaad getuig die Vader ook hiervan tydens Jesus se doop, "En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en met eens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n Stem uit die hemele wat sê: Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehag het" (Matt. 3:16-17). Ons sien ook die Gees op Jesus neerdaal; dus sien ons 'n lieflike prentjie van die Drie-eenheid op die vooraand van Jesus se aardse bediening.

Die wonderlike beeld van die Goeie Herder spreek nogeens van Jesus se identiteit en lewenstaak: "Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek is die deur van die skape. Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie. Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind. Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê Sy lewe af vir die skape" (Joh. 10:7-

11).

Dit is duidelik dat Jesus Homself (hier en elders in die Skrif) openbaar as die Seun van God: "Daarom het die Vader My lief, omdat Ek My lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van My Vader ontvang" (Joh. 10:17-18).

## 2. JESUS SE ROEPING

Soos reeds hierbo aangeraak, het Jesus vir 'n baie spesifieke rede na die aarde toe gekom. Sy identiteit en Sy roeping gaan hand aan hand. In Johannes 12 lees ons meer hieroor, "En Jesus het uitgeroep en gesê: Wie in My glo, glo nie in My nie, maar in Hom wat My gestuur het. En wie My aanskou [Strong: to behold, to observe, to look at, to perceive], aanskou Hom wat My gestuur het. Ek het as 'n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie. En as iemand na My woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red" (Joh. 12:44-47). Jesus het gekom om die mensdom te red van die sonde en die dood.

Paulus beaam hierdie roeping van Christus verskeie kere in die boek Romeine. "Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens [Adam] baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één [Jesus] baie tot regverdiges gestel word" (Rom. 5:18-19). Paulus voeg egter 'n tydsdimensie (geskiedkundigheid) by: "Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe" (Rom. 5:6). "As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God" (Rom. 6:8-10).

Die Hebreërskrywer voeg sy getuienis by bogenoemde wanneer hy oor Jesus se roeping skryf, "Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. En hulle het wel priesters geword in 'n groot aan-

tal, omdat hulle [die Levitiese priesters] deur die dood verhinder is om aan te bly; maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.

Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. Want so 'n Hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir Sy Eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het" (Heb. 7:17, 23-27).

Die Joodse priesterdom het bestaan uit Leviete, nakomelinge van Levi, die seun van Jakob. Omdat hulle sterflike mense was, moes die seuns die priesterskap by die vaders oorneem, sodat dit kon voortbestaan. Jesus is egter die ewige Seun van God. Hy is geroep tot 'n ewige priesterskap volgens die orde van Melgisédek ('n koning-priester van God in Salem of Jerusalem; Gen. 14:18-20), soos ook deur die psalmis beskrywe (Ps. 110:4).

Ons kan nog baie sê, maar laat ons fokus op die doel en tyd van Jesus se priesterdom: Hy is die volmaakte, ewige Hoëpriester wat eenmaal vir ons sondes gesterf het en só Sy offer aan die Vader gebring het wat vir ons die vrede bewerkstellig het. So lees ons ook in Heb. 9:24-28, "Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn; ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie, want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur Sy offer weg te doen.

En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom ver wag tot saligheid" (Heb. 9:24-28).

'n Mens kan nou spekulêr oor lewe elders in die heelal en oor volmaaktheid en sonde en geregtigheid en oordeel... Maar hierdie feit staan vas: Jesus het eens op 'n tyd, soos bevestig deur so baie

# Finding God in the Silence

Continued from p. 1

walls" (Proverbs 25:28 ESV).

"Whoever guards his mouth preserves his life; he who opens wide his lips comes to ruin" (Proverbs 13:3 ESV).

"Watch and pray that you may not enter into temptation. The spirit indeed is willing, but the flesh is weak" (Matthew 26:41 ESV).

"Stay dressed for action and keep your lamps burning, and be like men who are waiting for their master to come home from the wedding feast, so that they may open the door to him at once when he comes and knocks" (Luke 12:35-36 ESV).

"Be on guard, keep awake. For you do not know when the time will come. It is like a man going on a journey, when he leaves home and puts his servants in charge, each with his work, and commands the doorkeeper to stay awake.

Therefore stay awake - for you do not know when the master of the house will come, in the evening, or at midnight, or when the rooster crows, or in the morning - lest he come suddenly and find you asleep. And what I say to you I say to all: Stay awake" (Mark 13:33-37 ESV).

In my life, I've learned a hard but freeing truth: 'more' often means compromise; 'less' often means more. More commitments, more voices, more options can slowly dilute faith and conviction.

Jesus consistently invited people

to a narrow path, not because life is smaller there, but because it's clearer. A sober mind understands that limits protect what matters most. **Self-control isn't about restriction; it's about alignment.**

When we chase "more," we often sacrifice peace, integrity, or spiritual attentiveness. But when we simplify, we gain clarity. **Less noise makes room for God's Voice.** Less clutter creates space for obedience.

Sober-minded believers aren't **driven by excess; they're guided by purpose. They choose depth over volume and faithfulness over frenzy.** What might God be asking you to simplify so your life reflects greater clarity and conviction?

## 5. LIVING WITH THE END IN MIND

"Many are the plans in the mind of a man, but it is the purpose of the Lord that will stand" (Proverbs 19:21 ESV).

"The plans of the diligent lead surely to abundance, but everyone who is hasty comes only to poverty" (Proverbs 21:5 ESV).

"And He said to all, 'If anyone would come after Me, let him deny himself and take up his cross daily and follow Me. For whoever would save his life will lose it, but whoever loses his life for My sake will save it. For what does it profit a man if he gains the whole world and loses or forfeits himself? For whoever is ashamed of Me and of My words, of Him will the Son of

Man be ashamed when He comes in His glory and the glory of the Father and of the holy angels. But I tell you truly, there are some standing here who will not taste death until they see the kingdom of God'" (Luke 9:23-27 ESV).

"Then the kingdom of heaven will be like ten virgins who took their lamps and went to meet the bridegroom. For when the foolish took their lamps, they took no oil with them, but the wise took flasks of oil with their lamps. As the bridegroom was delayed, they all became drowsy and slept. But at midnight there was a cry, 'Here is the bridegroom! Come out to meet him.'

Then all those virgins rose and trimmed their lamps. And the foolish said to the wise, 'Give us some of your oil, for our lamps are going out.' But the wise answered, saying, 'Since there will not be enough for us and for you, go rather to the dealers and buy for yourselves.'

And while they were going to buy, the bridegroom came, and those who were ready went in with him to the marriage feast, and the door was shut. Afterward the other virgins came also, saying, 'Lord, lord, open to us.' But he answered, 'Truly, I say to you, I do not know you.' Watch therefore, for you know neither the day nor the hour" (Matthew 25:1, 3-13 ESV).

"Do not lay up for yourselves treasures on Earth, where moth and rust destroy and where thieves break in and steal, but lay up for yourselves treasures in heaven, where neither moth nor rust destroys and where thieves

do not break in and steal. For where your treasure is, there your heart will be also" (Matt. 6:19-21 ESV).

I often think about standing before the Lord at the end of my life and asking, "What would He say about this moment?" That question has a way of sharpening focus. **Sober-minded living keeps eternity in view.**

Jesus regularly reminded His followers to live ready, to watch, to stay awake, to invest in what lasts. When we remember that our lives are accountable to God, it changes how we think, choose, and live.

A sober mind doesn't live for the temporary approval of people but for the eternal pleasure of God. It evaluates moments through the lens of faithfulness. What feels small today may matter greatly in eternity.

Living with the end in mind brings freedom. It helps us prioritise obedience over comfort and faithfulness over popularity. If you viewed today through the lens of eternity, what choice would you make differently?

- Joon Tavarez

[www.faithfamilyweekly.com](http://www.faithfamilyweekly.com)

If you viewed today through the lens of eternity, what choice would you make differently?

## IN HIS PRESENCE

**A**s a little girl I loved nothing better than to snuggle into my father's arm and demand a story. How well do I remember those treasured moments. Those adventure-filled stories from his childhood, Joe Freckles, Billy the Kid and many more remain with me to this day.

Today I realise it was his love, his presence that gave substance to the "preciousness factor". Even though he left us long ago, those memories still linger and I clearly remember melting into his side, his arm around me.

The loss I experienced as I had to deal with missing him at times felt like desperation: how will I cope

without my wise mentor?

I soon realised that I was not an orphan, I was not in any degree Fatherless. As I sought my heavenly Father's Presence I would find reminders of His Presence time and again.

Finding Scriptures that kindled a brand-new aspect in my spiritual life, the peace of His indwelling Presence filled me with the assurance that I was in no way left defenseless. There was so much joy in finding what seemed like a direct message to me.

David, ever pursuing God's Presence wrote, "You make known to me the path of life; in

Your Presence there is fullness of joy; at Your right hand are pleasures forevermore" (Psalm 16:11).

What comforting assurance! If you have a deep need to experience His loving Presence, James has a word for you, "Draw near to God, and He will draw near to you" (James 4:8). May pursuing God's Presence become the "main thing" in our lives as we boldly approach Him in need of peace and comfort. Hebrews 13:5 confirms this: "... God has said, 'Never will I leave you; never will I forsake you.'" Seek His Presence and find every need of your life fulfilled!

- Helen du Plessis, 083 332 0895



Helen du Plessis

# Is Ons Spesiaal?

## Vervolg van p. 4

Bybelse en buite-Bybelse getuie-nis en ook deur die Gees se getuie-nis in ons harte (Rom. 8:16), na die aarde gekom om vir ons sondes te sterwe. Eens en vir altyd. Na die planeet Aarde. En Hy het daarna hierdie oorwinnig verseël met Sy opstanding. Dit is onbeskryflik besonders en spesiaal!

## 3. JESUS SE LIEFDE

Daar is 'n kosbare verhaal (en dit word bevestig deur o.a. Billy Graham en RE Olson) dat die bekende teoloog, dr Karl Barth, homself eens in die Rockefeller-kapel op die kampus van die Universiteit van Chicago bevind het tydens sy toer na die VSA in 1962. Na sy lesing het 'n student tydens vraetyd hom gevra of hy sy lewenswerk in een sin kon opsom. Hy het geantwoord, "Ja, ek kan. Jesus min my salig lot, ek weet dit uit die Woord van God ['Jesus loves me, this I know, for the Bible tells me so]."

Hoe insiggewend: uit al die grootse teologiese waarhede ontsluit deur jarelange studie, kies dr Barth om by die eenvoudige maar ook diep waarheid te bly en soos 'n kind te glo: Jesus het my lief en deur Sy sterwe en opstanding kan ek nou 'n kind van God word (Joh. 1:12).

